{Onversorgde kern aantekeninge van die liturg}

VYFDE LYDENSONDAG: DOOP
Eendag in die huis van die Here is beter as 'n 1000 daarbuite

Tekste: Gesang 153: 1-3; Psalm 84 (AFR1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 169: 1-3; Gesang 599: 1-3; Gesang 268 x 2; Gesang 190: 1-3.

WYDING:

Dit is ons voorreg om vandag die ouers, familie en vriende van die dopeling te verwelkom. Ons dopeling vandag is: *Mila Chantané Coetzee*. Die gemeente is vandag getuie vir die gelowige doopouers wat hulle kind in die Naam van die Drie-enig God wil laat doop.

Kom ons sing almal saam Gesang 168: 1-3. Daarna ontvang ons die votum en seëngroet van die Here.

VOTUM:

In eerbied buig ons neer. En kom ons in u woning. O Jesus, kom tog nader en gee aan ons u seën. Ons is hier saam vergader en almal in U een (vgl. Gesang 153: 1 & 3).

SEËN:

Verlig ons deur u lering, ons vind dit in u Woord. Bring ons tot bekering, ons wat aan U behoort. Amen. (vgl. Gesang 153: 2)

Tekste: Gesang 153: 1-3; Psalm 84 (AFR1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 169: 1-3; Gesang 599: 1-3; Gesang 268 x 2; Gesang 190: 1-3.

LOFSANG:

Geagte vriende, kom ons staan vir die lofsang: Gesang 169: 1, 2 & 3. Na die lofsang kan ons weer ons plekke inneem.

WIL VAN GOD:

Inplaas van die gebruiklike “wet” deel ek vandag met ons sewe sleutels vir ‘n Christelike lewenswyse:

1. God kom altyd en is alles eerste.
2. Ons moet mekaar liefhê.
3. Ons mag mekaar nie haat nie.
4. Ons moet ‘n gees van vrygewigheid openbaar.
5. Lewe ‘n eenvoudige leefstyl.
6. Wees gemaklik om gou te kan vergewe.
7. Wees altyd vriendelik.

Kom ons doen belydenis van ons geloof. Vandag bly ons sit en dan sing ons Gesang 599: 1-3 saam.

PREEK:

Tekste: Gesang 153: 1-3; Psalm 84 (AFR1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 169: 1-3; Gesang 599: 1-3; Gesang 268 x 2; Gesang 190: 1-3.

Dit is vandag ook die Vyfde Lydensondag, daarom vra ons vir Elanie le Roux om vyf van die kerse te kom doodblaas. Daar sal elke week, tot en met Goeie Vrydag, ter wille van simboliek, ‘n kers doodgeblaas word. Die gemeente sal weer met Opstandingsondag al die kerse aansteek.

Die laaste vier Lydensweke, het ons in die prediking stilgestaan by die doel van Lydenstyd: ‘n Gefokusde tyd vir selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed, diens aan ander en Bybellees. Kon u in die eerste vier Lydensweek daarby uitkom? As u al aandag gegee het aan een of meer van die dissiplines, dan glo ek u kan getuig dit was verrykend ~ dit het een van ons lidmate kort na ‘n Whatsapp huisbesoek getuig: Die geloofsdissiplines laat jou groei in jou geloof en bring jou nader aan God. Wat ‘n voorreg. Tydens hierdie vyfde Lydensweek kan ons weereens daaraan aandag gee: selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed, diens aan ander en Bybellees.

VYFDE LYDENSONDAG: DOOP
Eendag in die huis van die Here is beter as ‘n 1000 daarbuite

Tekste: Gesang 153: 1-3; Psalm 84 (AFR1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 169: 1-3; Gesang 599: 1-3; Gesang 268 x 2; Gesang 190: 1-3.

Geagte familie, vriende en gemeentelede; vandag is ‘n baie spesiale dag. Dit is Doopsondag in die Lydenstyd. Dit bly ‘n baie spesiale oomblik in die lewe van alle Jesus volgelinge – mense van die Weg, soos wat die eerste Christene bekend gestaan het.

Ons doop nooit sommer net uit gewoonte nie, NEE, ons ontvang en omarm die doop as God se teken (sigbare Woordverkondiging). Doopouers, en ons die getuies, moet deeglik hiervan kennis neem: *Die doop is God se teken aan mense om hulle daaraan te herinner dat Hy hulle met Sy bloed skoon gewas het*. En uit dankbaarheid belowe doopouers weer op hulle beurt dat hulle uit dankbaarheid, hul kind as kind van die Here sal grootmaak. Dit is nie so ‘n maklike verantwoordelikheid in die tyd en omstandighede waarin ons tans leef nie, daarom is die kerk ons vennoot in hierdie opvoedingsproses.

Die kerk is nooit ‘n doelwit in die opvoeding van ons kinders nie, maar dit is beslis ‘n Godgegewe hulpmiddel.

Tekste: Gesang 153: 1-3; Psalm 84 (AFR1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 169: 1-3; Gesang 599: 1-3; Gesang 268 x 2; Gesang 190: 1-3.

Soos dinge nou in die wêreld aan die draai is, sal die kerk binnekort ouers se enigste werklike vennoot in die Christelike opvoeding van hulle kinders wees. Daarom is dit noodsaaklik dat ons sal verstaan wat kerk van die Here beteken, sodat ons dit vir ons kinders kan leer.

Kom ons leer opnuut iets oor kerkwees as ons saam uit die Bybel lees, Psalm 84 – Hoe lieflik is U wonings Heer. Let wel, die Psalmdigter se kerk was die Tempel genoem.

Psalm 84:

[1]Vir die koorleier: met musiek. Van die Koragiete. 'n Psalm.
[2]Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige!
[3]Ek versmag van verlange na die tempel van die Here; met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God.
[4]Selfs 'n mossie het 'n nes en 'n swaeltjie 'n plek vir haar kleintjies daar by u altare, Here, Almagtige, my Koning en my God! [5]Dit gaan goed met mense vir wie u huis 'n tuiste is: hulle hou nie op om U te prys nie. [6]Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind en graag na u tempel toe

gaan. [7]Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur 'n dorre laagte trek en die vroeë reëns sy seëninge bring. [8]Keer op keer ontvang hulle nuwe krag totdat hulle voor God in Sion verskyn.

[9]Here, almagtige God, hoor my gebed, luister tog, God van Jakob! Sela [10]Sien tog om na die koning, ons beskermer, o God; hou u gesalfde onder u sorg.

[11]Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God.

[12]Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie. [13]Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou!”

Ek wil net gou iets sê: as ek praat oor kerkwees en ons verantwoordelikheid teenoor die kerk van die Here, wil ek nie klippe gooi nie. Ekself bly ook maar in ‘n huis van glas. Ek wil eerder eerlik saam met u luister hoe God se Woord (Die Bybel) ons in die regte rigting roep en stuur. Dit is so-so baie belangrik dat ons sal luister.

Tekste: Gesang 153: 1-3; Psalm 84 (AFR1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 169: 1-3; Gesang 599: 1-3; Gesang 268 x 2; Gesang 190: 1-3.

Ons leer dat die Psalmdigter lief is vir die huis van die Here. Liefde is nie bloot net ‘n filosofiese begrip van emosie en kennis nie. Liefde is ook praktiese dade. Wys my jou liefde (hoor ek Jakobus sê / hoor ek ‘n jong dame vir haar verloofde sê). Moenie net vir my sê jy is lief vir my nie. Dit help nie jy sê jy is lief vir my nie, jou dade moet ook daarvan getuig.

Dink aan die liefde tussen ouers en kinders. Hoeveel sal ‘n ouer (‘n ouma en oupa) nie bereid wees om te DOEN nie? Alles net om hulle liefde aan hulle kinders (kleinkinders) oor te dra. Hoekom doen jy al hierdie goed? Hoekom sloof jy jou so af? Hoekom werk jy jou oor ‘n mik? WANT JY IS LIEF VIR JOU KIND (KLEINKIND)!

Die doop is ‘n bewys dat God se liefde vir mense nie net mooi woordjies is nie. Dit is ‘n fisiese teken wat ons herinner aan die betekenis van Jesus se kruisdood / opstanding / hemelvaart. God het sy liefde vir ons en ons kinders aan die kruis bewys en ons vier dit weer hierdie

lydenstyd. Sy liefdes-bloed het ons skoongewas ... net soos water ‘n mens se vuil hande kan skoonwas, het Jesus se bloed ons sonde weg gewas.

Dit is hoekom ons met water doop. Dit is ook nie baie belangrik met wat se water ons doop of met hoeveel water ons doop nie. Dit gaan nie oor die water nie! Water is slegs ‘n simbool ... dit gaan oor God se liefde in en deur Jesus. Water is nie ons norm tot redding nie, maar Jesus Christus se lyding is wel.

Liefde vir kinders, God se liefde vir ons, is nie net woorde nie (nie net lippe taal nie!). Maar beslis dade ook ... omgee dade ... soos dade wat byvoorbeeld vergewe.

Ons liefde vir die kerk kan daarom ook nie net woorde wees nie. Ons liefde vir die kerk moet ook in ons dade sigbaar wees. Ek kan nie iemand op ‘n afstand lief hê nie. Ek het nodig om in kontak te wees. Ek kan nie die kerk op ‘n afstand liefhê nie ~ ek moet in kontak bly!

VYFDE LYDENSONDAG: DOOP
Eendag in die huis van die Here is beter as ‘n 1000 daarbuite

Tekste: Gesang 153: 1-3; Psalm 84 (AFR1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 169: 1-3; Gesang 599: 1-3; Gesang 268 x 2; Gesang 190: 1-3.

Ek wil begin aansluit met ‘n aanhaling wat ek op sosiale media ontdek het:

“Tell me and I will forget”

“Show me and I will remember”

“Involve me and I will understand”

Daar is soveel mense wat sê jy kan nie ‘n kindjie doop nie, want hulle kan nog nie verstaan nie. Dink bietjie mooi. Wat moet ‘n kindjie verstaan? Hulle hoef nie te verstaan dat hulle iets gedoen het vir hulle redding nie, NEE, hulle moet Jesus se liefde verstaan.

Selfs ‘n ongebore baba verstaan liefde. Navorsing het dit vir ons oor en oor bewys. Selfs ‘n ongebore baba verstaan liefde as hulle dit ervaar. Selfs hierdie kindertjies van ons verstaan liefde as hulle dit ervaar. En dit is hier waar hulle stukkies van God se liefde begin verstaan deur die liefde wat hulle by mense kry.

So gaan ons ook vir kinders ‘n liefde vir die kerk van die Here leer. Ons gaan vir hulle wys hoe lief ons die kerk

van die Here het. As ons net met ons kinders daaroor gaan praat: “Tell me and I will forget”. Ons voorbeeld, van kleins af, sal ons kinders leer om lief te wees vir die kerk van die Here of nie: “Show me and I wil remeber” Wat show ek vir my kinders (kleinkinders)?

Hierdie maak vir my soveel sin. Ons almal praat oor die seer ervaring dat kinders na openbare belydenis van geloof die kerk eers weer sien as hulle die dag wil trou of doop of selfs iemand wil begrawe. Ek verstaan nou dat die kerk ook hand in eie boesem sal moet steek. Want watter kinders bly na openbare belydenis van geloof by die kerk, die wat op een of ander manier betrokke gemaak is: “Involve me and I will understand”

Vir die skrywer van Psalm 84 is een dag in die huis van die Here beter as ‘n 1000 daarbuite. Hy verlang om in die huis van die Here te wees. Hy sê dit is die plek waar hy gaan bid en aanbid ... waar hy veilig voel ... waar hy die Woord van God hoor.

{Onversorgde kern aantekeninge van die liturg}

VYFDE LYDENSONDAG: DOOP
Eendag in die huis van die Here is beter as ‘n 1000 daarbuite

Tekste: Gesang 153: 1-3; Psalm 84 (AFR1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 169: 1-3; Gesang 599: 1-3; Gesang 268 x 2; Gesang 190: 1-3.

Liewe ouers, grootouers, liewe gemeente; vandag is ‘n spesiale dag vir Kobus en Charlene. Vir hulle ouers en vir hulle kind, maar ook vir die familie en gemeente Zuurfontein. Ons almal sien en ervaar God se teken vir sondaar mense, ons almal weet Hy het ons so lief dat Hy vir ons sonde swaar en wreed gesterf het. Dit bind ons saam, dit maak ons ‘n geloofsgemeenskap, dit maak ons kerk.

Die Bybel leer ons daar is net een doop ... nie een manier van doop nie, maar een God in wie se Naam ons gedoop word.

Mag ons almal opnuut besef dat die kerk God se manier is om ouers te help om hulle kinders groot te maak as kinders van die Here. Laat ons almal saam hande vat en daai liefde in ons laat groei, soveel so dat ons kinders en kleinkinders dit in ons kan sien ... sodat ook hulle deur hulle ouers en deur die kerk God se liefde vir hulle kan leer verstaan.

Amen!

Die doopouers gaan nou antwoord op die vrae wat aan hulle voorgehou word. Sou die vrae met ‘n positiewe JA geantwoord word, sal dit geloofsgeloftes aan God word. Hierna sal die kinders ingebring word.

Kan die doopouers asseblief kom luister, antwoord en bely?

(i) Glo julle dat julle kinders in sonde ontvang en gebore is en daarom onder die oordeel van God staan. MAAR glo julle bo dit dat julle kinders reeds in Jesus Christus verlos is en daarom as geredde sondaar grootgemaak moet word?

(ii) Glo julle dat die Bybel ons leer dat ons en ons kinders net in Jesus Christus verlos kan word?

(iii) Belowe julle dat julle uit dankbaarheid julle kinders so gaan grootmaak en ook laat grootmaak?

Kind word ingebring.

Tekste: Gesang 153: 1-3; Psalm 84 (AFR1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 169: 1-3; Gesang 599: 1-3; Gesang 268 x 2; Gesang 190: 1-3.

Doop: Mila Chantané Coetzee

Gemeente kom ons bid saam met hierdie familie.

Amen!

SEENGROET: Gesang 268

SLOTSANG:

Grote God, aan U die eer! Heerlik is waar U regeer ~ Gesang 190: 1-3.